# GEBEDSGIDS – AUGUSTUS 2026

## 1 Augustus - Saterdag – Winter

Here, gee my hierdie winter die begeerte om tyd vir U te maak en om rustig te word in u teenwoordigheid. Mag die koue my elke dag herinner aan U helpende hand en omgee.

## 2 Augustus - Sondag - Nagmaal

Here, seën ons waar ons aansit by U liefdesmaal om U Dood te herdenk deur brood en wyn aan U tafel te geniet.

## 3 Augustus - Maandag - Die belangrikste

In Lukas staan daar ; “die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees en die een wat leier is, soos die een wat dien”. Help ons asseblief Heilige Gees dat ons dit sal onthou en uitoefen.

## 4 Augustus - Dinsdag – Ongevoelig

Here bewaar ons daarvan om ongevoelig te staan teenoor bejaardes, armes, werkloses, hongeres en dakloses.

## 5 Augustus - Woensdag – Helpende hand

Waar die winterkoue sy tol eis bid ek dat U my sal help om in liefde te gee en ’n helpende hand uit te steek.

## 6 Augustus - Donderdag – Ouderdom

Here, U is met ons op die laaste skof van ons pelgrimsreis en ons dank U vir rustigheid, vrede, wysheid en die ervaring van baie jare.

## 7 Augustus - Vrydag – Jeug

Ons bid dat ons jeug toegerus sal word met die wapenrusting van God en dat U ewige Woord steeds ’n lig op hulle pad en ’n lamp vir hulle voet sal wees.

## 8 Augustus - Saterdag – Magdalenahuis

Môre is daar ‘n spesiale offer vir die Magdalenatehuis. Kom ons gee ook mildelik, en veral waar ons môre Vrouedag vier, dink ons ook aan ongehude moeders wat deur moeilike besluite gaan.

## 9 Augustus - Sondag – Vrouedag

Dankie Here vir vroue en moeders wat U getrou dien op al die terreine waartoe U hulle bestem het.

## 10 Augustus - Maandag – Nuwe week

Here, aan die begin van die week bid ons dat Matt. 5:16 ook vir ons waar sal word, dat ons lig so voor mense sal skyn dat hulle ons goeie werke kan sien en ons Vader wat in die hemel is, sal verheerlik.

## 11 Augustus - Dinsdag – Die Woord van God

Here, maak ons getrou in die lees van die Bybel, getrou om daarna te luister, ywerig om dit te bestudeer en doelgerig om dit te gehoorsaam.

## 12 Augustus - Woensdag - Vergifnis

Here, verander my deur U Heilige Gees en gee my die seën van U vergifnis sodat ek nie môre weer met skaamte dieselfde dinge moet kom bely nie.

## 13 Augustus - Donderdag – Geestelike groei

Here, ek wil graag die pad van geloof en heiligmaking bewandel sodat ek meer en meer aan U, my Hemelse Vader, gelykvormig sal word.

## 14 Augustus - Vrydag - Die natuur

Ons wil vandag dankie kom sê dat ons woon in ’n deel van die land met ’n pragtige natuurskoon en ek bid dat elkeen sal bydra tot die bewaring daarvan.

## 15 Augustus - Saterdag – Die dag van die Here

Dankie Here dat U ’n dag van rus geskep het sodat ons na ’n werksweek vir ’n oomblik tot stilstand kan kom en saam met mede Jesus- volgelinge kan vergader. Laat ons dus môre U Woord noukeurig bestudeer.

## 16 Augustus - Sondag – Omgeebediening

Ons bydrae vandag word aangewend vir ons omgeebediening wat soveel mense bedien met bydraes van kos en bediening van die Woord van die Here.

## 17 Augustus - Maandag – Lig vir die wêreld

Here vul ons harte en gemoed met U vreugde en vrede, sodat ons dit elke dag kan uitstraal en vir die wêreld ’n lig kan wees.

## 18 Augustus - Dinsdag – Kerkraads Vergadering

Hemelse Vader, seën die bestuurskerkraad vergadering vanaand met wysheid, eenheid en onderskeidingsvermoë, sodat elke besluit tot eer van U naam en tot opbou van U Kerk sal wees.

## 19 Augustus - Woensdag - Kalmte en gemoedsrus

Vader, in hierdie tye van spanning en gejaagdheid is dit ons gebed dat die groen weivelde en rustige waters van Ps. 23 nie ‘n ydele droom sal wees nie maar ‘n werklikheid wat bereikbaar is.

## 20 Augustus – Radio Feba

FEBA-spanne werk hard om luisteraars deur persoonlike interaksie, dissipelskapprogramme en kontak met plaaslike kerke te begelei. Dit het duidelik geword dat baie gelowiges nie weet hoe om nuwe bekeerlinge te help nie. Bid dat God aan FEBA die wysheid en geleentheid sal gee om programme te ontwikkel wat hierdie behoefte aanspreek.

## 21 Augustus – Donderdag – Verlange na kinders

Liefdevolle Vader, baie van ons verlang na ons kinders/familie wat ver van ons woon. Beskerm hulle, hou ons harte naby mekaar en seën ons met vreugdevolle hereniging op U tyd. Help hulle ook daar waar hulle woon en werk om ‘n getuie vir U Naam te wees.

## 22 Augustus – Saterdag – Die Erediens

Joh. 12:35: As iemand my sien dan sien hy ook vir God wat My na die wêreld gestuur het. Here, seën die erediens môre met U teenwoordigheid, lei die leraar met elke woord en lied. Raak elke hart aan tot eer van U Naam.

## 23 Augustus - Sondag - Bybelverspreiding

Bid vandag vir oop harte en hande vir die mense en instansies wat Bybels vertaal en versprei. Ons bid dat die mense wat Bybels versprei veilig sal wees en dat die vertalers die regte insig in die Woord sal kry.

## 24 Augustus - Maandag - Geduld

Vader, gee ons die geduld om U tyd te vertrou, kalm te bly in uitdagings en met liefde en wysheid op te tree.

## 25 Augustus - Dinsdag - Siekes

Vandag dink ons aan almal wat siek is, dalk terminaal, en ons vra dat U liefde en omgee raakgesien sal word in die vriende wat omgee en bid vir ons siekes in ons gemeente en in ons onderskeie vriendekringe. Mag ons U Wonderdade raaksien en dankbaar U bedank.

## 26 Augustus - Woensdag – Jesus-gebed

"Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie sal begewe nie". Gees van Genade, asseblief help my geloof, tree vir my in, bevry my sodat ek gelowig sal glo en dankbaar sal wees.

## 27 Augustus - Donderdag – Reën en koue

Dankie Here vir reën en koue en tyd om te lees sodat ons kan energie opgaar vir 'n nuwe tyd van groei.

## 28 Augustus - Vrydag - Polisiemag

Naweke veral word daar swaar op ons polisiemag geleun om orde te handhaaf. Ons bid vandag dat U hulle sal veilig hou en sal help dat ons dorp rustig sal wees.

## 29 Augustus - Saterdag - Luister

Here, wanneer U praat, maak my gevoelig vir U woord en opdragte. Leer my om my volle aandag te gee en gewillig te wees om met volle vertroue U woord en rigting te volg soos U dit aandui.

## 30 Augustus - Sondag – Bediening aan Dowes

Dowes het 'n unieke aanslag nodig om die Woord te verstaan en sal die bediening aan dowes ook heeltemal verskil van die normale, horende se getuienis.

## 31 Augustus - Maandag - Getuienisbediening

Here, daar wag 'n wêreld op my getuienis en as U vra, "Wie sal ek stuur? Wie sal ons Boodskapper wees?", laat ons antwoord tog wees soos dié van Jesaja, "Hier is ek! Stuur my!"